Ons prematuur babatjie met Ichtyoisis

Ingestuur deur Hannelie Kotze

Waar ek moet begin om te verduidelik wat BabyGym vir ons dogtertjie, Enya, beteken het weet ek nie.

Enya was die 5de April 2008 gebore, 11 weke prematuur. Haar oorspronklike verwagtings datum was die 20ste Junie. Sy was gebore as 'n "collodian baby" wat ontwikkel in 'n baie rare en ongeneeslike vel siekte wat Ichtyoisis genoem word. Haar longetjies was nog ook baie prematuur en sy moes op die respirator gekoppel wees.

Ichtyoisis is 'n kondisie waar mens se vel baie vinnig groei en nie afdop nie, wat beteken dat die velletjie baie dik word en bars. Dit kan hulle ontwikkeling, spier tones, sig, gehoor, ens affekteer. A.g.v die vog onder haar vel wat so vinnig na geboorte begin verdamp was haar yster vlakke reeds baie laag (op daardie stadium was dit 13) en die sout wat agter bly in haar liggaam was ook gevaarlik. Dehidrasie gebeur ook so vinnig dat haar kanse op oorlewing reeds baie skraal was en daar was verwag dat sy breinskade sou he. Ons was geseend met 'n fantastiese pediater wat bekend was met die kondisie en haar dadelik reg behandel het.

Buiten al die fisiese komplikasies wat daar was, is daar ook die sielkundige implikasies. Die feit dat sy so vinnig moes gebore word, baklei om te oorleef en geen kontak met haar mamma vir die eerste tien dae kon gehad het nie, moes ook oorweldigend wees. Ons het geweet dit gaan 'n lang pad wees tot genesing, maar ons is baie gelowige mense en glo God is getrou en Hy was…

Buiten haar vel wat wonderbaarlik bo die Doktors se verwagtinge beter geword het het ek heel toevallig tehore gekom van BabyGym, wat net soveel wonderlike goed ook vir haar gedoen het.

My seuntjie, Joshua (3), was van pap babatjie af baie sterk, 'alert', vreindelik en vreeslik wakker. Die mense het my altyd gewaarsku dat hy gaan hiper aktief wees, omdat hy reeds so besig was as klein babatjie. My ma het nog gespot en sê hy het regte meerkat ogies wat heeltyd rond kyk en niks mis nie. Enya was totaal en al die teenoorgestelde. Sy was stil, terug getrokke, nooit gehuil nie, nie belang gestel in haar omgewing nie (so min dat ons gedink het daar is fout met haar sig) en baie in haarself (ook so dat daar 'n onderligginde vrees vir autisme in my was). Mense het weereens gese ek moet bly wees, want sy is 'n vreeslike soet baba, maar ek was nie gerus nie. Toe Enya 9 en 'n half maande oud was het ek heel toevallig die Edunews gelees (Januarie 2009) en op 'n artikel af gekom wat gaan oor of 'n baba hiperaktief kan wees. Dit het natuurlik my aandag dadelik getrek en nadat ek dit klaar gelees het, het ek besef my dogtertjie is vreeslik passief en ek moet hulp kry. Ek het die redaktrisse gebel en sy het vir my Hannelie se nommer gegee. Die volgende dag was ek by haar en van daar af het net nog GROOT dinge gebeur.

www.babygym.co.za

Dieselfde aand nog het Enya haar eerste kruip treetjies gegee. Toeval? Ek glo nie in toeval nie. 2 weke later het sy 100% gekruip. Sy het al hoe meer haar handjies begin oop maak (haar handjies was voorheen permanent vuisies) en sy het selfs met dit begin oop slaap. Haar hele persoonlikheid het ontpop. Sy het begin belangstel in haar omgewing, meer gereeld gesels en lag en met ander mense ook komunikeer (sy het meeste van die tyd net op my gereageer). Almal wat haar goed geken het was net so verbaas soos ek oor die skielike en positiewe ontwikkeling. Haar suig refleks wat vreeslik swak was (sy het eers op 4 en ‘n half weke vir die 1ste keer aan my gedrink) het radikaal verbeter met eenvoudige oefenintjies en sy het op 10 maande begin woordjies sê. Waar sy altyd histeries geraak het as sy effens skrik (hetsy vir ‘n harde geluide of skielike bewegings) het sy meer oordeel gekry en nie meer net dadelik gereageer nie.

Op 13 maande was ons weer by die pediater wat haar van geboorte af ken en was hy ook net so positief verbaas met hoe sterk sy is, hoe goed haar balans en koordinasie is, haar fyn metoriese ontwikkeling, ens. Hy het met die besoek ook die groot moontlikheid van outisme met eenvoudige waarnemings uitgeskakel. Hy het vroeg al vir ons laat weet dat sy haar 11 weke en nog meer sal agter wees met haar ontwikkeling en ons het dit so aanvaar. Tog het sy voor die babas begin loop en praat, ens. wat so oud is as wat sy sou gewees het. Buiten dit het sy verskriklik vinnig goed geloop, minder lomp as wat mens gewoond is, val minder en beheer haar lyfie se bewegings baie goed. Dit glo ek is deur die oefeninge wat sy kry deur BabyGym.

Ek het ‘n ongelooflike behoefte om babas wat in dieselfde bootjie as Enya was, of selfs gesonde babas te kan help, om vir die mammas wat moedeloos raak te kan hoop gee en onnodige vrese uit te skakel. Alles wat ek tot dusver gesien en leer het van BabyGym is net fantasties, dit maak my elke keer opgewonde as ek sien hoe goed dit werk en dis maklik en prakties. Dit sal vir my ‘n ongelooflike seen wees om die opleiding te kan doen en die gemeenskap se babas te kan begin help.

Groete
Marné Burger

www.babygym.co.za